

Hoofstuk van die dag: Johannes 18

> *Waarom ondervra u My? Ondervra dié wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het, hulle weet wat Ek gesê het. (vers 21)*

Die Here Jesus staan hier voor die magtigste Jood in die land, die man wat letterlik oor lewe en dood beskik het. En Hy

huiwer nie om Annas uit te daag om sy leer te toets, en selfs sy volgelinge te ondervra nie. ’n Mens kan in jou geestesoog sien hoedat die Here Jesus fier en regop voor Annas staan en vreesloos, vol hemelse waardigheid, met hom praat.
Terselfdertyd, so berig Johannes, is Petrus ook gekonfronteer; maar hierdie keer nie deur enige iemand van aansien of status nie, maar deur ’n diensmeisie van Annas. En later die aand ook deur ander werkers en slawe van Annas. Maar watter geweldige kontras is sy optrede nie in vergelyking met die Here Jesus Christus nie! In Jesus se diepste nood, op die uur toe Hy sy volgelinge se ondersteuning die nodigste gehad het, verkrummel die leier onder hulle, Petrus, voor ’n eenvoudige diensmeisie en ’n paar slawe!
Alleen moes die Here die kruis verduur, van God die Vader en ook van sy volgelinge verlaat, om vir ons sondes te betaal. ’n Mens wonder wat óns reaksie daardie aand sou wees.

- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Johannes 17

> *Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. (vers 21)*

Die kernboodskap van die Bybel gaan oor ons verhouding tot God, en dat ons al nader aan God moet lewe. En dit ís natuurlik so. Dit gaan in die Bybel en in die geloof om ons verhouding tot God en ons liefde vir God, en sy liefde vir ons.
Maar dit is net die helfte van die waarheid. Dit is eintlik merkwaardig hoeveel klem die Bybel lê op ons verhouding met mekaar as net so ’n noodsaaklike deel van ons geloofslewe, van ons godsdiens. Dink maar aan Matt 22:34-40! In Joh 17, wat in ’n sekere sin die testament van Christus is, sy laaste wil voordat Hy gevange geneem en gekruisig is, is dit vir Christus so belangrik dat ons aan mekaar verbind sal wees, een sal wees, dat Hy dit 4 keer herhaal: in vers 11, en dan weer 3 keer in verse 21-23.
Ek huil oor die NG Kerk wat deesdae onder mekaar baklei en besig is om uitmekaar te skeur. Dit kan tog nie!



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Johannes 16

Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. (vers 13)

Hoe dink jy oor die werk van die Gees in jou lewe?
Jesus sê die Gees kom om ons in die hele waarheid te lei deurdat Hy dít wat Hy van Jesus en die Vader ontvang, aan ons meedeel, en ons daaraan herinner en dit vir ons verduidelik. Juis daarin verheerlik Hy Jesus. Wat die Gees van God in ons lewens doen, is om ons oë, ons gedagtes, ons harte te fokus op Jesus en op wat Hy gesê en gedoen het, om ons te help om dit te verstaan, om Jesus as ons Heer en Heiland te bely, sodat Hy waarlik Here van ons lewens sal wees.
As die Gees in jou lewe vaardig word, word jy aan Jesus vasgebind. Jy word ’n Jesus-dissipel. Jesus word jou Here en Hy word in jou en deur jou verheerlik.
Die Gees het gekom om Jesus Here in ons lewens te maak. Kom ons volg Hom dan met oorgawe!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke

Hoofstuk van die dag: Johannes 15

> *’n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. (vers 4)*

Baie mense dink dat jou saak met God reg is as jy die Here Jesus as jou persoonlike Verlosser aangeneem het. Maar dit is nie die hele verhaal nie. Ons word nie verlos net om eendag in die hemel te kom nie. Ons word God se kinders sodat ons ’n verskil in die wêreld kan maak. Dit is nie onderhandelbaar nie. Ons móét vrug dra (vers 2).
Hoe kry ons dit reg? Jesus sê: Ons moet in Hom bly (vers 4,5). Eie pogings sal ons nêrens bring nie. Dit gebeur deur ’n verhouding met die Here Jesus. Ek moet in Hom vasgroei. Om Christen te wees, beteken nie net dat ek aan die kerk behoort en volgens ’n stel reëls my lewe inrig nie. Om Christen te wees, beteken om in ’n verhouding met Christus te lewe, een met Hom, sodat Hy my alles word, my hele lewe oorneem.
Die wonder is dat as ons elke dag só aan Hom vashou, die vrug van die geloof, die vrug wat sal hou, as ’t ware vanself kom (vers. 5).



Hoofstuk van die dag: Johannes 14

> *As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. (vers 23)*

Jesus beloof hier op verskillende maniere dat Hy, die Vader én

die Gees by ons en in ons is. Dat die drie-enige God deel van ons lewe is en wil wees.
Ongelukkig beleef ons dit nie altyd so nie. Daar is mense wat God daarvan beskuldig dat Hy afwesig is in hulle lewe. Wat kan ons doen om ’n beter gewaarwording van God se teenwoordigheid te hê?
Jesus se antwoord is heel eenvoudig: Ons moet sy woorde ter harte neem (vers 23).
Die probleem is dat ons te min van Jesus se woorde maak, te min Bybel lees, ons te min in sy Woord verdiep. Jesus sê die Gees wil ons onder andere herinner aan alles wat Hy gesê het (vers 26), maar as ons nie die Woord lees nie, waaraan kan die Gees ons dan herinner?
Jy moenie verwag dat jy God se teenwoordigheid in jou lewe sal ervaar as jy los van die Bybel leef nie. As jy God se teenwoordigheid en sy openbaring soek, lees jou Bybel en oordink dit; neem dit ter harte en leef dit.

Hoofstuk van die dag: Johannes 13

> *Nadat Jesus dit gesê het, was Hy diep ontroerd … (vers 21, 2020-vertaling)*

As ’n mens hierdie verse lees, besef jy iets van die warboel van emosies waarmee Jesus te kampe gehad het in daardie laaste paar uur voor sy dood. Jesus het nie maar soos ’n robot-outomaat sy dood gelate tegemoet gestap nie; Hy was ’n mens van vlees en bloed, ’n mens met emosies.
Die bittere teleurstelling wat Jesus in Judas moes gehad het, was een van die redes vir sy hewige ontsteltenis (vers 21, 1983-vertaling). Judas was immers een van Jesus se vertrouelinge.
Maar daar was nog ’n rede vir Jesus se ontsteltenis: Judas se verraad was die begin van ’n hele reeks gebeure waarin die mense wat die naaste aan Hom was, Hom sou teleurstel.
Jesus moes sy kruisweg alleen aanpak. En uiteindelik het Hy ook alleen gesterwe, nie net deur sy dissipels in die steek gelaat nie, maar ook deur sy Vader verlaat!
Ook dít is deel van die skuld wat Jesus vir ons gedra het: dat ons Hom, net soos die dissipels, op kritieke punte in die steek laat. Ons bly stil as ons moet praat, slaap as ons moet

waak, kyk ander pad as ons vir Hom moet opstaan.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026